# Adventreeks – Name van Jesus

| **Son 27 Nov 2022** | **tema** | **Jesus ons Vredemaker** |
|---|---|---|
| | Leesrooster teks | Psalm 122 – 'n gebed vir vrede |
| | Link met Kersfees en teks | Fokus op die engele wat vir die herders die goeie nuus bring: "Vrede op aarde" (Luk 2:8-14) |
| | simbool | engel |
| | gesprek | Hoe kan ons (prakties) vredemakers wees in ons huise en land hierdie Kerstyd? |
| | gebed | Steek die eerste kers aan van Adventskrans en bid vir mense geraak deur oorlog, gendergeweld |
| | aktiwiteit | Maak engele as herinnering van God se vrede – dit kan huis toe geneem word of op 'n kersboom in die liturgiese ruimte gehang word. |
| | liedere | Hoor die blye eng'le lied<br>Al was ek nie daar nie |
| **Son 4 Des 2022** | **tema** | **Vreugdevolle Koning** |
| | Leesrooster teks | Psalm 72: 1-7, 18-19 (mag die koning lank leef) |
| | Link met Kersfees en teks | Luk 1:26-33, 46-49 – Maria se vreugde |
| | simbool | kroon |
| | gesprek | Waarna sien jy uit vir hierdie Kerstyd / vakansie? Wat maak jou bly / dankbaar? |
| | gebed | Steek die tweede kers aan in die Adventskrans en sê vir Jesus dankie. |
| | aktiwiteit | Maak kersversierings / krone - as herinnering aan Jesus se koningskap - in helder koninklike kleure of hang helder goue, silwer en pers balle, geskenkies en tinsel aan die kersboom. |
| | liedere | O die goeie tyding (v1 vreugde; v2 koning)<br>In die stad van koning Dawid |
| **Son 11 Des 2022** | **tema** | **Hoopvolle Helper** |
| | Leesrooster teks | Psalm 146: 5-10 (vers 5 – hoop /prys die Here) |
| | Link met Kersfees en teks | Jesus is die lig (en hoop) vir die wêreld (Bybel vir Almal Joh 1: 4-10) |

| | | |
|---|---|---|
| | simbool | liggies |
| | gesprek | Hoe kan ons diensbaar wees hierdie Kerstyd? Hoe kan ons help om (prakties) armoede te verlig? |
| | gebed | Steek die derde kers aan in die Adventskrans en bid vir mense wat siek is, alleen is, of hartseer / hopeloos voel. |
| | aktiwiteit | Sit die liggies van die kersboom aan en verduidelik die simbool van Jesus wat ons lig/hoop is. Of maak 'n kershouer * |
| | liedere | Kom kinders besing (v1 hoop)<br>Die Heiland is gebore |
| **Son 18 Des 2022** | **tema** | **Liefdevolle Herder** |
| | Leesrooster teks | Psalm 80: 1-7, 17-19 Verskyn tot ons redding |
| | Link met Kersfees en teks | Lukas 2: 15-20 die herders |
| | simbool | skaap |
| | gesprek | Hoe het die Here ons in liefde gelei in 2022? (refleksie) |
| | gebed | Steek die vierde Adventskers aan en bid vir 2023 - vir jou uitdagings, onsekerhede ens. en vir die Here se nabyheid en leiding |
| | aktiwiteit | Maak skapies / hartjies om op die boom te hang en verduidelik die simboliek van die skape (herder) |
| | liedere | Kom alle getroues<br>God is liefde (Flam 122) |
| **Son 25 Des 2022** | **tema** | **Immanuel** |
| | Leesrooster teks | Heb 1: 1-4 (5-12) God praat deur Jesus |
| | Link met Kersfees en teks | Josef (Matt 1: 18-25) |
| | simbool | geskenk |
| | gesprek | Gesels oor geskenke – waaroor is jy bly? Watter geskenke kry ons wat jy nie kan sien nie? Hoe kan ons ook geskenke (tasbaar en nie-tasbaar) vir ander gee? |
| | gebed | Steek nou ook die middelste Christuskers aan van die Adventskrans as teken van Jesus se teenwoordigheid (Immanuel – God by ons) |
| | aktiwiteit | Kleur die geskenke in om aan die boom te hang en verduidelik die simboliek van Jesus as geskenk (God by ons). |
| | liedere | Kom alle getroues<br>Lied 366 Die vreugde lied |

| Son 1 Jan 2023 | tema | Jesus ons Raadsman |
|---|---|---|
| | Leesrooster teks | Ef 3: 1-12 (geskenk van wysheid) |
| | Link met Epifanie en teks | Matt 1: 1-6, 9-12 Die sterrekykers het wysheid omdat hulle Jesus herken as Koning en na die Here luister. |
| | simbool | ster |
| | gesprek | Waarvoor het jy wysheid nodig in 2023? |
| | gebed | Bid vir die jaar wat voorlê en doen ‘n doopherinnering. |
| | aktiwiteit | Maak ‘n ster om jou te herinner aan die Here wat jou Raadsman is en jou lei in 2023 (soos die Betlehemster die sterrekykers gelei het) |
| | liedere | Betlehemster<br>Wyse manne op kamele (kinderlied) |